# KOMMUNIKAMMA 7 MEI 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 7 Mei**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Ons wens vir Elizma Harmse geluk wat as ouderling bevestig word en vir Colleen Botha, FJ le Roux en Judy Nienaber wat as diakens bevestig word.**

**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing:** Handelinge 7:54 - 60
**Tema:** Leef 'n lewe wat die Here sal laat staan.

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Huis Louisa Meyburg**

**Maandag 8 Mei**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**09:30 BIDUUR BY KRAGGAKAMMA UITSPANNING**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 MUSIEKBEDIENING**
**19:00 GEMEENTEBEDIENING**

**Dinsdag 9 Mei**
**10:00 DIENS BY STELLA LONDT AFTREE-OORD**

**Woensdag 10 Mei**
**10:00 DIENS BY CP BRADFIELD**
**Voedselhulp aan PE-Noord**

**<u>Vrydag 12 Mei</u>**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**<u>Sondag 14 Mei</u>**
**<u>MOEDERSDAG</u>**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**<u>Maandag 15 Mei</u>**
**17:00 ViA VERGADERING**
Dames wat graag die ViA (Vroue in Aksie) vergadering wil bywoon, kan Marissa van Wyk (082 493 6258) kontak vir meer inligting.)
**18:00 GETUIENIS**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
Bid vir die Pinksterweek van 21-24 Mei, Kermis op 16 Junie en Avontuurweek van 3-6 Julie.
Rudie Botha gaan vir 'n operasie.
Die voedselprojek by PE Noord, Algoa Gemeenskapkerk en Piet Retief laerskool.
Reën in ons opvangsgebiede en waterprobleme wat ons in die Metro ervaar.
Algoa en Grasvoëlkop gemeentes wat besin oor hulle toekoms. Patmos gemeente se beroepingsproses.
Vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïne.

**<u>THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid saam vir die versoening tussen godsdiensgroepe in **Myanmar** en teen die aanhoudende diskriminasie teen Christene.

**<u>PINKSTERWEEK</u>**
Pinksterbyeenkomste is in die week is om 10:00 by die saal van Kraggakamma Uitspanning en om 18:00 in die kerkgebou. Die tema van die Pinksterweek is: Hoop in Handelinge. Almal is welkom.
**Sondag 21 Mei 2023 om 18:00**
Ons hoop dat God elkeen van ons op enige plek kan gebruik.
**Maandag 22 Mei 2023**
Ons hoop lê daarin dat die Heilige Gees mense verander.
**Dinsdag 23 Mei 2023**
Ons hoop dat die Heilige Gees 'n gemeente verander.
**Woensdag 24 Mei 2023**
Ons hoop dat die Here gebede verhoor.

**<u>KERMIS, Vrydag 16 Junie 2023</u>**

**07:30 Pannekoek, koffie en tee**
**08:00 Res van Kermis skop af**
**08:00 Pretdraf of -stap**
**11:00 Gelukkige Prystrekking**

Kermis gaan oor saamwerk en -speel en groot saamkuier. En natuurlik gaan kermis ook oor fondinsameling. Ons begroot om R 200 000.00 in te samel. Ons gaan die bedrag net bereik as almal hul dankbaarheidsbydrae vir die Here maak.
Kermislyste en Lootjie boekies sal deur dienswerkers uitgedeel word. Die lyste is ook op die gemeente se webblad beskikbaar.

Kontak asb die betrokke stalletjie sameroeper of die kerkkantoor om betrokke te raak. Kontak die betrokke sameroeper waar jy wil betrokke raak of 'n bydrae wil lewer. Jy kan ook die afskeurstrokie op die kermislys by die kerkkantoor ingee voor die einde van Meimaand. Finansiële bydraes is welkom en kan per EFT of kontant inbetaal word. Dui asb net duidelik aan dat dit vir die kermis is.
**Lootjieprojek:** Ons het hierdie jaar weer 'n lootjieprojek met groot pryse om te wen. Daar is 11 kaartjies in elke boekie en elke kaartjie kos R20-00. Wanneer jy 10 kaartjies verkoop het, mag jy die 11de kaartjie in die boekie gratis vir jouself invul. Help asb dat ons soveel as moontlik boekies verkoop. Die ideaal is dat elke huishouding ten minste een boekie verkoop.

**WIT-OLIFANTE**
Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**SKENKINGS WAT BY KERMIS OPGEVEIL KAN WORD**
Help asb met skenkings wat opgeveil kan word. Kontak met Christo van der Merwe by sel: 072 132 2851.

**BREKKIE BUNS**
Ons benodig dringend 'n sameroeper by die Brekkie Bun tafel. Kontak Niekie, by die kerkkantoor, indien jy bereid is om te help.

**FONTEINVRIENDE BRUNCH**
Fonteinvriende is ons gemeente se kuierplek vir afgetrede mense. Hulle hou op Donderdag 25 Mei 2023 vanaf 9:30 hul braai brunch. Die brunch bestaan uit 'n lekkerste hoendersosatie, broodrolletjie, noedelslaai, Hertzoggie en Koffie en tee en kos R40.00 per person. Indien jy nog nie by Fonteinvriende ingeskakel is nie, maar graag wil kom saamkuier, kontak vir Zelda Bakkes vir meer besonderhede. (Sel 083 950 6096)

**AVONTUURWEEK 2023**
Kraggakamma Gemeente is op die oomblik baie opgewonde oor die Avontuurweek wat vanaf 3 tot 7 Julie by ons aangebied sal word. Hierdie week beloof om vol pret, plesier en speletjies te wees en ons nooi spesifiek ons laerskoolmaats uit om in te skryf (https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeQMYKMJJnOHdw1YJDl6RRAYQGXgpR0kOJANvikceoOqwVv3w/viewform?usp=pp_url ). Vir ons gr. 8 tot 12 leerders is daar die geleentheid om as leiers op te tree en 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot hierdie opwindende projek (https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfRQBK7HzOBeOo_v2jpDZGuYGbi5EHy54RtMT6paqAYPhpHdA/viewform?usp=pp_url ).
Verder wil ons ook graag ons volwassene gemeenskap betrek, en julle kan as "crew members" registreer (https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfaIWPmcfvrHgmdoFYfFi90koGt2wplcgT7lRxab6_vHPYzCw/viewform?usp=pp_url ). Ons sien uit na die deelname van almal!

**HULP BENODIG BY BEGRAFNISSE**
Indien jy bereid is om soms met die maak van toebroodjies by begrafnisse te help, kontak asb vir Dossie Nortjé (082 957 6084) of Elizma Harmse (083 940 5617). Dit sal wonderlik wees indien ons 'n lys helpers kan saamstel.

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor. Ons verwelkom vir Malan en Tashné Smith. Hulle attestate is van Sondagsrivier Gemeente ontvang.

**MTR SMIT KINDEROORD HERFSTEE**
Die Kinderoord se 100'ste viering vind op Saterdag 13 Mei om 11:00 hier in ons kerksaal plaas. Die tema is: Suksesverhale uit 100 jaar van bestaan. Reginald Hufkie of Reggie Peace, 7de laan en Swartwater akteur, sanger, skrywer en spreker en Petrus (Trompie) Meyer pianis en onderwyser gaan hulle verhale deel. Beide was as kinders in MTR Smit Kinderoord.
Kaartjies kos R150 per persoon en is beskikbaar by Linda Rossouw. (Sel 082 402 4396)

MTR Smit Kinderoord is opsoek na emmers, insluitend HTH emmers, om wasgoed water mee op te vang. As jy kan help, kontak asb ook met Linda.

**HUIS LOUISA MEYBURGH**

Ons is opsoek na ‘n dame wat betrokke wil raak by Huis Louisa Meyburgh ouetehuis. Die verantwoordelike persoon sal een keer per kwartaal ‘n oggend vergadering by Huis Louisa Meyburgh moet bywoon. Ons is saam met ander NG Gemeentes in Gqeberha betrokke by die fondsinsamelings van die aftree oord. Die fondsinsamelings behels ‘n basaar en ‘n jaarlikse tee. Verder voorsien ons een keer per jaar eetgoed vir die bejaardes by een van hulle maandelikse tee-kuiers en word daar gehelp met die kersete. Kontak Marlene Postma (082 787 4030) indien jy betrokke wil raak.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 7 Mei | Ria Dreyer, Sakkie Rossouw, Willem Stassen en Philip Vivier |
| 8 Mei | |
| 9 Mei | Riley Finkelstein, Lauren Nell, Sean Strydom en Sebastian van Wyk |
| 10 Mei | Hennie Botha, Gins van Rooyen en Danie van Wyk |
| 11 Mei | Quinnie Horn, Tiens Janse van Rensburg, Madeleine Nienaber, Julien Postma, Austin Roets, Samuel Saunders en Rika Terblanche |
| 12 Mei | Jeanne Janse van Rensburg, Faan Nieuwoudt, Neels Snyman, Karla Vermaak en Rian Viljoen |
| 13 Mei | Trevana Schmidt en FJ van Niekerk |

**Ons wens oom Willem Stassen, wat vandag 93 jaar oud word, geluk.**

**EK WENS… EK WENS… DEUR FRANK OPPERMAN**

NG Gemeente Patmos bied die nuwe eenmanvertoning deur Frank Opperman aan.

Datum: 26 en 27 Mei

Tyd: 18:30

Plek: Impetus Teater, Circularrylaan

Koste: R 160.00 per persoon, sluit port en poeding in.

Kaartjies beskikbaar op www.webtickets.co.za

Navrae: Elizna 083 258 9860

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005